

HOOFSTUK I.

TAALEN EN DIALEK.

Waar Jakob Grimm sê: „Ein Volk ist der Inbegriff von Menschen, welche dieselbe Sprache reden,” daar lê hy te veel nadruk op die rol wat die taal in hierdie opsig speel. Juister stel Leo Weisgerber dit, nl. dat die taalgemeenskappe waardeur die hele mensdom omvat word, tot die bestendigste gemeenskapsvorme behoort wat ons ken.¹⁾

Taal en taalgemeenskap: die een kan ons nie verstaan sonder 'n kennis van die ander nie. Uit die struktuur van die taalgemeenskap leer ons die aard van die taaleenheid ken. Want ten opsigte van die taal kan ons nie van eenheid praat sonder om die betekenis wat die woord in hierdie verband het, nader toe te lig nie. Dit is 'n eenheid wat nie gelykvormigheid beteken nie omdat dit binne hom 'n verskeidenheid omvat. Van hierdie grondbeginsel moet ons uitgaan teneinde 'n fout van die taalstudie in vroeër jare te vermy en ons by die studie van 'n taal nie net by 'n sekere vorm te bepaal nie — die vorm wat 'n groot deel van die taalgemeenskap nie beheers nie — en die res buite rekening te laat as nie bestaande of nie van belang nie.

Soos Kloeke sê, is daar geen kultuurgemeenskap denkbaar nie, sonder die teenstelling: algemeen beskaafde taal en dialek (Jaarboek bl. 15). En onafhanklik van hierdie twee vorme van die taal bestaan daar nog weer 'n hele aantal onderlinge taalkringe. Want hoewel al die lede van 'n taalgemeenskap dieselfde taal gebruik,

¹⁾ *Die Stellung der Sprache im Aufbau der Gesamtkultur. in Wörter und Sachen XVI, bl. 135.*

praat geen twee presies eenders nie; elkeen het sy persoonlike eienaardighede en beskik oor 'n bepaalde deel van die taalvoorraad. So kan elke familie, elke vriendekring, elke beroep of profesie, elke klas in die samelewing en elke streek in die land op besondere eienaardighede in sy taal wys.¹⁾

Sodra daar in 'n gemeenskap geen gedurige woordewisseling tussen al die sprekers meer bestaan nie, kan 'n mens verwag dat langsamerhand sekere verskille die taal van die verskillende sosiale of lokale kringe sal kenmerk. Op grond van hierdie veronderstelling sal ons dus ook in Afrikaans 'n ryke verskeidenheid aan wisselvorme kan verwag, veral plaaslik, omdat die bevolking oor so'n groot oppervlakte verspreid is. Maar in die skryftaal merk ons daar nie veel van nie. Die Bolander sê miskien *oek* en baie Transvalers sê *ok*, en tog skrywe almal *ook*. Hierdeur bestaan daar in die skryftaal 'n groter eenvormigheid, raak die indiwiduele en plaaslike afwykinge meer op die agtergrond. Maar nie net in die skryftaal is hierdie neiging tot groter eenvormigheid te bespeur nie, dit kenmerk ook die taal van 'n bepaalde deel van die bevolking, veral die deel wat minder aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde is. Iemand word miskien groot in die Vrystaat, studeer later in Stellenbosch en word vervolgens predikant of onderwyser of staatsamptenaar êrens in die noordelike Transvaal. Verder beweeg hy dan gewoonlik onder mense wat, net soos hy, elders vandaan kom. In die taal van hierdie kringe is daar dan gewoonlik ook weinig verskille merkbaar, hoe ver hulle ook van mekaar af verwyderd is. Hulle taal kom min of meer ooreen met die algemeen gangbare skryftaal; dit is immers hulle wat die grootste invloed op die geskrewe taal het en op hulle beurt ook weer die invloed daarvan ondergaan.

Hierdie vorm van die taal dan, as geskrewe sowel as spreektaal, wat gladnie, of hoogstens in geringe mate lokale kenmerke vertoon; wat in die kerk, op skool, aan die universiteit en in die rege-

¹⁾ vgl. Leo Weisgerber in *Wörter und Sachen* XVI bl. 148.

ringskantore gebruik word; waarin daar wetenskaplike en in die reël ook die kunswerke gelewer word; kortom, die vorm van die taal waarin die volk hom op kultuurgebied uitlewe, word genoem die algemeen-beskaafde taalvorm.

Dit is nie nodig om die belangrikheid van hierdie taalvorm te beklemtoon en te verduidelik waarom die taalwetenskap hom daarmee moet besig hou nie. Maar hoe belangrik dit ook al is, sal die taalkundige vir geen oomblik daaraan dink om hom by sy studie tot hierdie vorm van die taal te beperk nie. En die minste van alle taalkundiges seker nog die taalgeograaf. Want hy lê hom juis daarop toe om alle moontlike vorme in die taal na te spoor, veral die wat in die geskrewe en algemene omgangstaal so selde aangetref word. Dis juis dié taalvorme wat menigeen, om „deftig” en „beskaafd” te wil wees, liever sal vermy omdat dit dikwels as plat en slordig en verkeerd en lelik bestempel word, dis juis hulle waarna hy soek.

Hy besef immers dat daar in die gemeenskap lede bestaan wat in hulle geboortestreek groot en oud word, en dat hulle taal gewoonlik ook elemente bevat wat tot 'n bepaalde lokaliteit beperk is. Hoe minder hierdie mense nou met die algemeen-beskaafde taalvorm te doen kry, hoe sterker die lokale kleur wat hulle taal sal vertoon. Die van hulle wat dus 'n minder lewendige aandeel het aan die kulturele lewe, gebruik dan 'n taalvorm wat, behalwe dat dit plaaslik beperk is, ook in die kultuurlewe 'n ondergeskikte rol speel.

En hiermee het ons nou al die onderskeiding getref tussen taal en dialek. As daar van taal gepraat word in teenstelling tot dialek, dan word daarmee 'n bepaalde vorm van die taal bedoel, naamlik die algemeen-beskaafde vorm, terwyl met dialek bedoel word die vorm van die taal wat aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde is en in die reël nog nie vir kultuurdoeleindes gebruik word nie. Dialek en algemeen-beskaafde taal is dus nie aparte, opsigselfstaande eenhede nie; dis maar net verskillende vorme van die taal wat saam die groter eenheid uitmaak. Mens kan die twee nie skerp van mekaar skêi nie,

want die algemeen-beskaafde vorm was self eers dialek, en al praat iemand dialek, dan kom die grootste deel van sy taalmateriaal tog nog ooreen met die algemeen-beskaafde taalvorm. Hierdie onderskeiding of selfs teenstelling doen egter geen afbreuk aan die taaleenheid nie; dit is, soos Weisgerber sê, net die duidelikste bewys van die ongelykmatige verdeling van die taalmateriaal (Sprachgut) binne 'n taalgemeenskap. (Wörter und Sachen XVI, bl. 148.)

'n Lokale taalvorm (dialek) kan natuurlik soos in die geskiedenis al herhaaldelik gebeur het, ontwikkel tot 'n aparte taal: in watter stadium kan ons nou die oorgang van dialek tot aparte taal vasstel? Laat ons 'n konkrete voorbeeld neem: wanneer het Afrikaans 'n selfstandige taal geword, apart van Nederlands? Om op hierdie punt duidelikheid te verkry, moet ons weer die taalgemeenskap daarby haal. 'n Lokale taalvorm bly dialek solank die sprekers 'n onderdeel van die groter taalgemeenskap vorm met as hulle kultuurtaal die algemeen-beskaafde vorm van die taal waarvan hulle dialek 'n onderdeel uitmaak. Sodra die sprekers van 'n dialek nou ophou om tot die groter taalgemeenskap te behoort; wanneer die algemeen-beskaafde vorm van die taal vir hulle nie meer as kultuurtaal kan dien nie; wanneer hulle dus begin skrywe en preek en onderwys gee in hulle eie dialek, dit vir hulle tot kultuurtaal verhef en sodoende 'n eie, nuwe taalgemeenskap vorm, dan is hulle taalvorm geen dialek meer nie, maar 'n aparte taal.

Die deurslaggewende faktor by die vraag of ons met 'n dialek of 'n selfstandige taal te maak het, is dus nie net die graad van afwyking nie, dit hang meer van ander faktore af, hoewel 'n mate van afwyking natuurlik ook aanwesig moet wees; daar kan immers nie twee tale bestaan wat presies eenders is nie! maar omgekeerd kan daar in dieselfde taal wel kringe bestaan wat onderling heel groot afwykinge vertoon. Maar histories vorm hulle 'n eenheid, en die verskille kan met verloop van tyd groter of ook wel kleiner word. In die geval van afsonderlike tale word die verskille natuurlik altyd

groter, sodat die graad van afwyking in die reël tog wel groter is tussen tale as tussen dialekte.

Ons beskou dan Afrikaans as 'n aparte taal nie net — selfs nie in die eerste plaas nie — op grond van 'n bepaalde graad van afwyking wat dit met Nederlands vertoon, maar omdat die Afrikaners 'n aparte taalgemeenskap vorm met 'n taal wat, vanaf die stigting van die Kaap, histories nie meer 'n eenheid vorm met Nederlands nie. Van hierdie datum af het die twee tale vinnig verder en verder van mekaar gaan afdwaal. En soos alle tale, besit ook hierdie nuwe taal 'n verskeidenheid binne sy eenheid. Daar is langamerhand 'n algemeen-beskaafde vorm opgebou, met daarnaas die vorme wat aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde is.

Op grond van die voorgaande uiteensetting moet ons dus ook van dialekte in Afrikaans kan praat indien daar verskynsels van 'n lokale aard in die taal aan te toon is, hoe gering die afwyking daarvan met die algemeen-beskaafde vorm ook al mag wees. Dit is maar net omdat ons aan die groot verskille tussen dialekte in die ou taalgemeenskappe gewoon is dat ons gewoonlik aarsel om van dialekte in Afrikaans te praat. En dan praat ons gewoonlik van lokale verskille of dialektiese afwykings, hoewel dit in wese niks anders as dialekte is nie. Dat die afwykings gering in omvang is, verander niks aan die wese daarvan nie.

Teen baie van hierdie plaaslike afwykinge in die taal bestaan daar 'n groot vooroordeel. Ook hier by ons word teenoor dergelike verskynsels die houding ingeneem wat veral vroeër algemeen was tenopsigte van die dialek: dit is beskou as die *verkeerde* taalgebruik, 'n gevolg van die onkunde, die slordigheid en ruheid van die onontwikkelde persoon. Daarom sou dit dan in elkeen se eie belang wees, as hy vir beskaaf wil aangesien word, om die *onbeskaafde, lelike, verkeerde* taalvorme te vermy. Daarom dat die leek wil weet: wat is *reg*, *môre* of *more*, *nôï* of *nooi*, *meul* of *meule*? En alleen die „regte” vorm sou dan van belang wees; die res is maar net 'n teken

waaraan jy die mense kan uitken wat nie genoeg onderwys gehad het om hulle taal behoorlik, „korrek” te leer praat nie!

Wat is nou korrek? Is van die meervoudsvorme *oë—oge, hoër hoger* die een mooier, beter as die ander? Met die oog op die insamel van stof vir 'n taalAtlas, is dit vir die dialektgeograaf noodsaaklik om alle vooroordele in verband hiermee by sy proefpersone en veral by sy medewerkers te verwyder. Is dit nou juis 'n ideaal dat ons almal eenders moet praat? Prof. J. J. le Roux noem dit 'n gelukkige omstandigheid dat die eenvormigheid van Afrikaans tog lank nie so groot is as die oppervlakkige opmerker miskien geneig sou wees om te dink nie, „want eenvormigheid is eentonig en ondoel-treffend, verskeidenheid gee kleur en uitdrukkingskrag aan 'n taal.” („Praatjies oor ons Taal,” bl. 40).

Om mee te begin, moet ons 'n duidelike verskil maak tussen plat taal en plaaslike verskille of dialek. Die uitdrukking *plat Afrikaans* word dikwels gebruik sonder om daarmee 'n minderwaardige vorm van die taal te bedoel, net om dit te onderskei van die *Hoog Hollands*. Hierdie uitdrukking is vinnig aan die uitsterwe, net soos die verskynsel — waarmee dit gedeeltelik saamhang — onder baie van ons ou mense dat hulle hierdie „plat” Afrikaans nie as geskik beskou het as die taal van hulle godsdienste nie. Omdat dit by hulle plegtige, godsdienstige geleenthede die gewone medium was, is Hollands deur hulle as 'n verhefener taalvorm gevoel.

Maar dit was 'n verbygaande verskynsel en as ons vandag van plat Afrikaans praat, dan bedoel ons daarmee iets anders, iets wat in elke ander taal ook voorkom. Afrikaans as taal is seer seker nie plat nie, maar tog het ons taalvorme wat ewemin in die kerk as in fatsoenlike geselskap gehoor sal word. So bv. *pens, gevreet, hou jou bek*. Maar sulke vorme kan plat wees alhoewel hulle oor die hele land bekend is. En in hierdie opsig verskil plat taal van plaaslike of dialektiese verskille, taalvorme wat tot 'n bepaalde deel van die spraakgebied beperk is. Sommige dialektiese eienaardighede kan ook

wel tegelyk plat wees, maar dan is hulle dit op grond van 'n anderienskap as net dat hulle plaaslik beperk is.

Ons kan dus nie 'n taalvorm as plat in hierdie sin gaan bestempel net op grond daarvan dat dit nie in die algemeen-beskaafde taal gebruiklik is nie. Veral die beoefenaar van die dialekgeografie sal hierteen moet waarsku omdat 'n ongesonde opvatting in hierdie sin 'n groot struikelblok in sy weg kan vorm by die insamel van noodsaaklike informasie.

Net so versigtig moet ons ook wees met die woord *vulgêr*. 'n Taalvorm word as *vulgêr* beskou as dit ons dadelik herinner aan die mindere, onontwikkelde klasse. (Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek § 45). Die feit dat sommige taalvorme by ons hierdie assosiasie wek, kan nie ontken word nie, maar die taalgeografie sal dit nie beklemtoon nie. Die gevaar bestaan dat daar op skool meer as wat vir die taal gesond is, te velde getrek word teen alles wat volgens die meester of juffrou se opvatting nie volkome *beskaaf* is nie. Dikwels word aan die kinders dan 'n letteruitspraak bygebring en wat daarvan afwyk, word bestempel as onbeskaaf, plat of *vulgêr*. Hiermee tree daar 'n baie ongesonde faktor in die taalonderwys.¹⁾ Iemand met 'n gesonde taalgevoel, sal sekerlik 'n dialekties gekleurde taal veel mooier vind as 'n aangeleerde letteruitspraak. En om hierdie gesonde taalgevoel aan te kweek, wat vanselfsprekend by elke taalonderwyser veronderstel moet word, daarvoor kan dit van groot belang wees vir die onderwyser om hom 'n keer met die dialektstudie besig te hou. Eerstens kry 'n mens deur jou aanraking met die lewende spreektaal uit alle dele van die land 'n bewondering vir die groot verskeidenheid daarin en tweedens kom jy onder die indruk van watter relatiewe begrip *vulgêr* werklik is.

Vir die meeste van ons sal die uitspraak *kjind, geester, geseg* (vir *kind, gister, gesig*) *vulgêr* klink. Maar dan moet ons oppas om

¹⁾ vgl. T. H. le Roux in *Afrikaanse Taalstudies*, bl. 38.

nie te haastig met die oordeel te wees dat dit oor die hele land die geval sou wees nie, dat dit nêrens ook deur ander as die mindere klas gebruik word nie. So sal die Bolander miskien sê *more* en *meule* klink vir hom plat (of *vulgêr*), terwyl dit in ander dele van die land weer haas die enigste gebruiklike vorm is onder alle klasse.

Die dialektspreekers is in alle lande die minder ontwikkelde klasse. So sal ons ook in Suid-Afrika die meeste lokale afwykinge onder dié mense aantref. Maar wat die voorgaande uiteensetting wil beklemtoon, is dat ons die taalvorme van dié mense, waar dit van die algemeen-beskaafde vorm afwyk, nie as 'n minderwaardige, korrupte of verkeerde vorm moet beskou nie. Daarom dat ek beswaar maak teen die woord *plat*, en ook die woord *vulgêr* nie graag wil gebruik nie omdat dit 'n afkeurenswaardige bysmaak het wat in hierdie besondere geval meer kwaad kan stig as goed. Objektief beskou, is die een vorm gewoonlik net so goed soos die ander. 'n Vorm soos *sleutel* het alleen hierdie voordeel bo *sluitel* dat dit oor 'n groter deel van die land algemeen bekend is en ook die gebruiklikste vorm is onder die ontwikkelde deel van die bevolking. Daarom word dit dan ook aanvaar as die sgn. Algemeen-beskaafde vorm, in teenstelling tot die daarvan afwykende en daarom as *vulgêr* bestempelde vorm of vorme.

Met verloop van tyd kan dit egter anders word. Die taal staan immers nie stil nie: daar is gedurige verandering. Een van die vernaamste oorsake van die verandering is taalvermenging. Dit beteken nie net die wisselwerking van verskillende selfstandige tale op mekaar soos Afrikaans en Engels byvoorbeeld nie, maar veral die eindelose wisselwerking tussen die verskillende taalkringe binne een en dieselfde taal. So is daar die verskillende beroepe, stande en lokaliteite wat gedurig invloed uitoefen op die algemeen-beskaafde taal.

Deur alle eeue heen het dit dus gebeur dat taalvorme wat eenmaal vulgêr was, later as die ideaal nagestrewes is. So het die hoog-gêroemde Frans van vandag ontwikkel nie uit die klassieke Latyn nie, maar uit die vulgêr-Latyn of Volkslatyn van die Romeinse soldate. Ons hoef nie verder te gaan om meer dergelike voorbeelde te soek nie: ons eie taal, soos dit deur die gemiddelde ontwikkelde Afrikaner gepraat word, het nie uit die „Hoog“-Hollands van die sewentiende eeuse klassieke skrywers soos Vondel, Huygens en Hoofst ontwikkel nie, maar veelmeer uit die volkstaal van dié tyd. En hierdie vorme van Nederlands is destyds ook nie alte hoog geskat nie, soos Vondel se getuienis duidelik genoeg laat blyk: „ out Amsterdamsch is te mal, en plat Antwerpsch te walgelyck en niet onderscheidelyk genoegh.”¹⁾ En hierdie einste mal „out Amsterdamsch” is een van die vorme van Nederlands waaruit Afrikaans ontstaan het. Vir Afrikaans is dit egter geen skande nie, want dieselfde het met alle tale gebeur: die algemeen-beskaafde taalvorm ontwikkel altyd uit die een of ander dialek of groep dialekte. En dit nie op grond van enige voortreflike eienskappe wat sodanige dialek verkiesbaar sou maak bo die ander dialekte van die land nie; inherente, taalkundige eienskappe speel hier geen rol nie. Deur ekonomiese, kulturele, politieke en dergelike faktore kry 'n bepaalde deel die oorwig bo die res van die land. Die taal van daardie streek maak die voorspoed mee, neem in belangrikheid toe en ontwikkel uiteindelik tot die erkende taalvorm van diegene wat dwarsdeur die land in die openbare lewe die hoofrol speel. Met ander woorde, dit word die algemeen-beskaafde taal.

So het dit ook in die Nederlande gebeur waar die taal van die provinsie Holland die oorhand gekry het vanaf die sestiende eeu toe, met die verplasing van die swaartepunt van die Suidelik na die Noordelike Nederlande, die Hollandse stede soos Amsterdam en

¹⁾ van Helten: *Vondels Taal* bl. VIII.

Den Haag die land se invloedrykste handel- en kultuursentrums geword het.¹⁾

Hieruit moet nou iets duidelik geword het van die plek wat die dialek inneem in die geskiedenis van 'n taal, en 'n mens begryp dan ook hoe onmisbaar dialektstudie is vir 'n insig in die taalgeskiedenis. As Afrikaans uit sekere sewentiende-eeuse dialekte ontwikkel het, is dat immers begryplik dat ons tevergeefs sal probeer om 'n verklaring vir sommige tipies Afrikaanse eienaardighede, soos die dubbele negatief, te vind met slegs 'n kennis van die algemeen-beskaafde Nederlands.

En verder hoef ek net die woorde aan te haal van dr. P. de V. Pienaar: „mooi en lelik, wat die uitspraak betref, is bloot relatief, 'n gril van die tyd, 'n modegier soos vrouensklere. Vir ons mag uitsprake soos *tjeent, tint, sjeel vir kind, tent, geel*, plat klink, tuishorende by die laagste klasse van ons volk, maar ons moenie vergeet dat die verfoeide van vandag die spog-uitspraak van môre gaan wees nie.” („Praat u Beskaaf?” bl. 22.)

Die dialekgeograaf sal dan dikwels geneig wees om ten opsigte van die lokale verskynsels in die taal van die mindere klasse nêr verdraagsaamheid aan die dag te lê as dié persone by wie dit in die eerste instansie gaan om die opbou van 'n standaard-uitspraak. Ver- al sal hy die houding afkeur van persone wat, soos dr. Pienaar dit uitdruk, 'n streng provinsialisties gekleurde lewensbeskouing het, en die houding aanneem van: „Ons uitspraak van Afrikaans is die beste.” („Praat u Beskaaf?” bl. 21).

Hierdie houding is so algemeen dat die taalgeografie ook met die invloed daarvan op die taalontwikkeling moet rekening hou. En dit kan alleen verdwyn nadat 'n mens jou losgemaak het van al die

¹⁾ Hiermee wil gladnie beweer word dat die moderne algemeen-beskaafde Nederlands niks anders is as 'n voortsetting van die dialek van Amsterdam of Den Haag nie; so eenvoudig is die saak gladnie. vgl. Kloeke: *Over Beschaafd Nederlands. Jaarboek*, bl. 6.

De Vooy's: *Geschiedenis van de Ned. Taal*, § 39.

Verdam: *Uit de Gesch. der Ned. Taal*, bl. 71.

vooroordele teen die dialektiese eienaardighede in 'n taal. Eers dan kan 'n mens die dialektgeografie beoefen. Dit is trouens eers nadat die taalwetenskap hom van hierdie vooroordele losgemaak het dat hy die onberekenbaar belangrike vrugte kan pluk van dialektgeografiese metode van taalondersoek.

As voorbeeld van 'n baie moderne houding in die taalstudie, kan ons aanhaal uit Prof. Daniel Jones waar hy sy standpunt as volg aandui: „As far as English-speaking people themselves are concerned, I suggest that educational authorities should leave everyone to pronounce as he pleases, and that no attempt should be made to impose one particular form of speech upon anyone who prefers another form. Above all it appears to me important that no person should ever disparage the pronunciation of another.”¹⁾

Sonder om op die vraag in te gaan in hoeverre taalkundiges oor die algemeen hierdie mening sal wil onderskryf, wil ek net beklemtoon dat dit nie die bedoeling is om hier die gesag van die algemeen-beskaaf te ondermyn nie. Uit die aard van die onderwerp word die belangrikheid van hierdie taalvorm nie besonder op die voorgrond geplaas nie. Dit is ook nie nodig nie, want al is dit nie juis om estetiese redes bo die ander vorme te verkies nie, moet „de beschaafde uitspraak [moet] veeleer worden opgevat als de eenmaal uitverkoren vlag, die de lading dekt: ze is te beschouwen als het symbool der verworven kultuur.”²⁾ maar die algemeen-beskaaf is 'n ideaal, soos Kloeke sê, „dat met andere idealen gemeen heeft, dat het door velen niet wordt bereikt.” (t.a.p., bl. 7). En waar dit nou op neerkom, is dat die taal van hierdie „velen” ook die volle aandag van die taalwetenskap verdien, en dit vorm die stof waarmee die dialektgeograaf hom in hoofsaak besig hou. Elkeen het sy bepaalde plek in die samelewing en elkeen voorsien in 'n noodsaaklike behoefte.

¹⁾ Aangehaal uit Pienaar: *Praat u Beskaaf?* bl. 23.

²⁾ G. G. Kloeke: *Over Beschaafd Nederlands*, Jaarboek, bl. 9.

Dit het eeue geduur voordat die taalgeleerdes hulle verwerdig het om ook die sogenaamde onbeskaafde vorme van die lewende taal te gaan bestudeer, laat staan nog so'n standpunt soos die van Prof. Daniel Jones te duld. Voordat ons nou 'n paar gedagtes oor die toepassing van die taalgeografiese metode op die studie van Afrikaans uitspreek, is dit nodig om eers, heel vlugtig, die ontwikkelingsgang van die taalstudie op hierdie gebied na te gaan om te sien hoe die taalstudie in die algemeen daardeur gedien kan word.